

# Teikengerigte bemesting verseker wins

**Dr Johan J. van Biljon**

KYNOCH KUNSMIS, OPBRENGSVERBETERINGSTELSELS

**OM DIE MEESTE** wins uit gewasproduksie te haal, moet deurgaans gedurende die gewas se groeiseisoen aan spesifieke behoeftes voldoen word.

Die dae van algemene bemesting by groente- en vrugtegewasse is verby. Om dieselfde produkte herhaaldelik op verskillende gewasse te gebruik, is ook taboe. Elke gewas het sy eie behoeftes wat gedurende die groeiseisoen verander en om alles te kroon verander die behoefte van plek tot plek.

## Gewasspesifiek

Gewasse word in twee groepe verdeel, naamlik eenjarig en meerjarig. By meerjarige gewasse word afhangend van die voedingstof, dikwels vir die volgende seisoen bemes, aangesien dit wat nou toegedien word eers die volgende groeiseisoen tot uiting sal kom. Indien die gewas gedurende hierdie seisoen afgeskeep word, word die prys die volgende seisoen betaal. By meerjarige gewasse moet 'n produsent onthou dat binne-groeiseisoen-toediening nie weggelaat kan word nie - 'n sprekende voorbeeld daarvan is boomgewasse.

By eenjarige gewasse is die benadering heeltemal anders

omdat die voedingstowwe wat nou toegedien word, in dieselfde seisoen en baie vinniger gebruik gaan word. Die effek van bemesting is baie gouer sigbaar, aangesien eenjarige gewasse se groeitempo oor die algemeen vinniger as meerjarige gewasse is. Eenjarige gewasse is taamlik uiteenlopend en sluit al die groente- en graangewasse in. Dit is duidelik dat die gewasse sò uiteenlopend is dat hulle gewis nie dieselfde voedingstofbehoefte kan hê nie. Blaarvoedingsprodukte, byvoorbeeld, wat op verskillende gewasse gebruik word, se dae is ook getel. Om werklik vooruit te kan boer, behoort gewasspesifieke produkte gebruik te word.

## Groeistadiumspesifiek

Bemesting moet ook groeistadiumspesifiek wees. Verskeie voedingstowwe is gedurende sekere groeistadiums belangriker as ander. So 'n benadering kom op Voedingstofskeulering™ neer. Net soos water onder besproeiing deur die gewas se lewe geskeduleer moet word, moet dieselfde met voedingstowwe gedoen word om beter winste te maak.

Daar is 17 noodsaaklike voedingstowwe waarsonder gewasse nie kan klaarkom nie, maar gedurende sekere groeistadiums is sekere voedingstowwe belangriker as ander. Om te veralgemeen is gevaarlik, maar breedweg gesien is fosfaat

14

## Voeding volgens plantontwikkeling

### VROEG VEGETATIEF, MET PLANT



#### KynoPop™:

Vir 'n vinnige wegspring en groeikragtigheid.

#### KynoPlus™-NPKS-planttermengsels soos SuperSpud™, Ruby of Topaz™:

Planttermengsels met verhoogde doeltreffendheid om veral in die vroeë behoeftes, maar ook in die latere voedingbehoefte van die aartappelplant te voorsien.

### MIDDEL VEGETATIEF



#### KynoPlus™, GreenGold™, Achillis™, Seniphos, Nitrabor, Foli-Grande™ en Foli-Plus™:

Gebruik in kombinasie as topbemesting om knolniasiasie en opbrengs te bevorder.

#### Veggie Oemff® Starter:

'n Blaarvoeding vir wortelontwikkeling en vestiging van die jong plant.

#### Veggie Oemff® Grow, Bortrac 150, Stopit en Caltrac BZ:

Gebruik in kombinasie na knolniasiasie vir opbrengs en aanleg tot beter kwaliteit.

### LAAT VEGETATIEF EN KNOLVORMING



#### KynoPlus™, GreenGold™, Achillis™, Foli-Grande™, Foli-Plus™, Bortrac 150, Stopit, Caltrac BZ:

Gebruik in kombinasie as topbemesting om opbrengs en kwaliteit te bevorder.

#### Veggie Oemff® Fruit:

Gebruik gedurende knolgroei vir verbeterde werkverrigting wat lei tot beter opbrengs en kwaliteit.

AARTAPPELS

Met Kynoch se innoverende en pasmaakprodukte kan jy bemesting toedien volgens jou aartappelplant se behoeftes en groeistadiums. So verseker Kynoch dat jou aartappels **kry wat hul nodig het, wanneer hul dit die nodigste het**. Boonop het jy gemoedsrus, omdat jy weet, met Kynoch op jou plaas van meet af aan, haal jy net die beste uit jou aartappels en is jy verseker van verbeterde doeltreffendheid in kwaliteit en opbrengspotensiaal.

**Kynoch – verbeterde doeltreffendheid deur innovasie.**



**Kynoch**

Farmisco (Edms) Bpk.

h/a Kynoch Fertilizer Reg. Nr. 2009/0092541/07

011 317 2000 | info@kynoch.co.za

[www.kynoch.co.za](http://www.kynoch.co.za)

Nie handeldrywend in die Wes-Kaap nie.

**KynoPop™** Reg. No: K9101, **KynoPlus™** is geregistreer as kunsmis groep 1 – Reg. No: K8024, **SuperSpud™** Reg. No: In proses, **Ruby** Reg. No: K8047, **Topaz™** Reg. No: K8032, **Veggie Oemff® Starter** Reg. No: K9088, **GreenGold™** Reg. No: K8034, **Achillis™** Reg. No: K8967, **Foli-Grande™** Reg. No: K8045, **Foli-Plus™** Reg. No: In proses, **Seniphos** Reg. No: K7682, **Nitrabor** Reg. No: K6395, **Veggie Oemff® Grow** Reg. No: K9090, **Bortrac 150** Reg. No: B3626, **Stopit** Reg. No: B3625, **Caltrac BZ** Reg. No: B3715, **Veggie Oemff® Fruit** Reg. No: K9091. (Alle produkte is geregistreer onder Wet 36 van 1947)



veral gedurende die vestigingsfase belangrik, waarna stikstof belangriker word gedurende die vegetatiewe fase. Kalium en kalsium is op hul beurt onmisbaar gedurende graanvul of vrugvorming en die vrugsetfase. Al die voedingstowwe behoort volgens groeistadiums toegedien te word om die beste resultate te kry.

### Plekspesifiek

Met inagneming van 'n gewas- en groeistadiumspesifieke benadering, moet die grond en klimaatomgewing ook in berekening gebring word. Die grondvrugbaarheidstatus van byvoorbeeld 'n sandgrond en kleigrond gaan drasties van mekaar verskil. Hierdie verskille moet in aanmerking geneem word deur 'n grondontleding te laat doen om die vlakke van die verskillende voedingstowwe te bepaal. Geen bemestingsvoorstel kan sonder 'n chemiese grondontleding gedoen word nie.

'n Chemiese grondontleding saam met 'n beplanningsopbrengs en wetenskaplik gefundeerde bemestingsriglyn, is 'n voorvereiste vir 'n ekonomiese bemestingsvoorstel. Die bemestingsvoorstel kan deur die gebruik van plantontledings verder verfyn word en die gebruik van plantontledings om die bemestingsprogram te evalueer, word ten sterkste aanbeveel. Om 'n plekspesifieke bemestingsvoorstel te kan maak word 'n



**Droëland-aartappels in die Oos-Vrystaat waar 'n gewas-groeistadium en plekspesifieke benadering gevolg is.**

grondontleding, maar verkieslik ook 'n plantontleding, benodig. Wanneer 'n sinvolle bemestingsvoorstel by boomgewasse gemaak moet word, is plantontleding onontbeerlik.

Samevattend: Enige algemene bemestingsprogram wat nie gewas-, groeistadium- en plekspesifiek is nie, is nie langer aanvaarbaar nie. Gee die plant die regte hoeveelheid op die regte tyd wat dit benodig om optimale produksie (en wins) te bereik. <<

## Perfekte oplossings in besproeiingsbestuur



Doen navraag by jou naaste besproeiings handelaar oor Agriplas Produkte

[www.agriplas.co.za](http://www.agriplas.co.za)

**KAAPSTAD - Hoofkantoor**  
Posbus 696, Brackenfell 7561  
Tel: +27 21 917 7177  
Faks: +27 21 917 7200

**GAUTENG**  
Posbus 11052, Randhart 1457  
Tel: +27 11 908 2204  
Faks: +27 11 908 5312

**MPUMALANGA**  
Suite 63, Postnet X 11326, Nelspruit 1200  
Tel: +27 13 755 3510  
Faks: +27 13 755 3505